

Notule spesiale vergadering gehou op 3 Oktober 2020 Om: 09:00: Te
Vanderbijlpark klub.

1. OPENING EN VERWELKOMING

Attie du Plessis verwelkom almal en spel die reëls tov vergadering baie duidelik uit en versoek die vergadering om daarby te bly (praktiese reëlings).

Attie open daarna die vergadering met gebed.

2. VERSKONINGS

Wayne McPherson

Mattie Joubert

Piet Cronje

3. LIEF EN LEED

4 Lede het hulle self onder kwarantyn geplaas gedurende vlieg seisoen (COVID19)

Danie Steyn se gade is oorlede in die tydperk asook Niekie Peters se skoonpa.

Sterkte word toegewens aan Frik Spangenberg vir sy herstel na sy rug operasie.

Tonnie van Tonder gaan die 15/10/2020 hospitaal toe vir operasie.

4. UITSTAANDE GELDE EN FINANSIES

Indien daar enige probleme is aangaande die finansies kontak Mattie Joubert. Finansiële state sal voorgelê by die AJV.

5. WEDVLUGPROGRAM 2021

Attie verduidelik die vergadering dat hy reeds 'n voorlopige(NIE-AMPTELIKE) wedvlug program saamgestel het. Dit is reeds deurgestuurd na GP. Daar kan nog veranderings aan die program aangebring word.

Tonnie van Tonder vra hoekom Donderdag mandjie so vroeg in die seisoen. Daar word aan hom verduidelik dat dit die tos van duiwe op Vrydag moontlik maak en ook dat daar steeds veranderinge aan voorgestelde program gemaak kan word.

Tommie Bezuidenhout stel voor dat daar gekyk sal moet gekyk word na Victoria-Wes voorstel aangesien die pad wat gery word in 'n baie swak toestand. Hy noem ook dat 'n 80km draai gery word om 5 – 10km op vlerk verder te bekom en dit maak nie sin nie.

Jan van Jaarsveld noem dat 3 Susters 'n beter opsie as Victoria-Wes sal wees.

Ben van Greunen noem dat Middelburg of selfs Richmond ook 'n beter opsie as Victoria-Wes sal wees.

Gavin Haschick stem saam met Tommie Bezuidenhout aangaande Victoria-Wes.

Attie Du Plessis verduidelik beoogde combine vlugte van 3 kortpad, 3 middelpad en 3 langpad vlugte. Die GP Combine vergadering gaan gedurende Oktober maand plaasvind hy sal terugvoer gee.

Schalk Postumus deel die vergadering mee dat Winburg baie kort is vir hom.

Danie Steyn deel vergadering mee dat daar na die klokke gekyk moet word soos wat die SANPO reël bepaal.

Attie du Plessis noem dat die klok reëls toegepas moet word ook dat dit elke lid se eie verantwoordelikheid is om toe te sien dat sy klok in orde is vir die seisoen wat voorlê.

Tinus Diesel noem daar sal gekyk moet word na die loslatingstye tov die son opkoms ens.

Tommie Bezuidenhout stem saam met Tinus dat die son 'n belangrike rol speel.

6. TERUGVOER 2020 SEISOEN

Attie du Plessis noem dat die seisoen het baie goed afgeloop het en bedank vir Wayne vir die trok asook sy positiwiteit. Het net diesel gelde gevra.

Atiie du Plessis stel die bestuur voor aan die vergadering.

Attie du Plessis deel vergadering mee dat die komitee hulle tydperk gaan uitdien. Hy verduidelik ook aan vergadering die stemprosedure wat daar gevolg was gedurende die GP verkiesing en sal graag hierdie prosedures wil implementer in die VPU.

Freddie van van Resnburg deel die vergadering mee dat die kommunikasie nie na wense is nie. Atiie du Plessis deel hom mee dat alle kommunikasie deur Cor vd Merwe deurgegee word aan die voorsitters sowel as die sekretarisse. Alle kommunikasies is ook op die webblad beskikbaar.

Attie du Plessis deel vergadering mee dat almal kan saamvlieg, maar dat daar nog kleinlikhede is wat probleme is en wat weldra uitgestryk sal word. Daar hang tans 'n positiewe wolk oor die duiwe sport in die VPU wat een belang is en dit is die duif.

Ben van Greunen bedank die bestuur vir wat hulle gedoen het gedurende die COVID seisoen.

Andre Myburg noem hulle het baie lekker in die klub gevlieg. In Andre se eie woorde "Die duiweboer raak moeg maar nie die duif nie. Bly Positief"

Tommie Bezuidenhout noem dis goed om verbodemiddels te verkondig moet asseblief nie na klein winkeltjies gaan en dit gaan soek nie los die verbode middels. Attie du Plessis noem dat dit deur SANPO voorgeskryf word om te toets vir verbode middels.

Tonnie van Tonder vra of die PD ringe nie vroeer uitgegee kan word nie?

Attie du Plessis noem dit kan bespreek word tydens AJV.

Niekie Deysel noem dat die vroeg laai van trok 'n moeilike taak is aangesien daar mense is wat werk tot 18:00. Nadat die tye verander het, het die seisoen tov mandjie oplaai tye baie beter afafgeloop.

Dankie aan Danie Steyn vir die reel en beheer van die "Prieska" (Upington) wedvlug!

7. AANKOOP VAN ANDER TROK

Attie du Plessis deel die vergadering mee dat daar 'n trok beskikbaar is vir R750000-00 en die trok het slegs 200000 km op.

Die Unie kan die trok afbetaal oor 'n tydperk van 5 jaar hierdie kontrak moet nog opgestel word. Die implikasie daarvan sal wees dat die vlieggelde sal opgaan met plus-minus 10%. VPU is op die stadium een van die goedkoopste Unies om duiwe te vlieg. Sekere veranderinge word ook bespreek tov veranderinge op die sleepwa soos bv. om die agterste kolom mandjies voorentoe te bou.

Indien die perd sou breek kan 'n ander perd ingehuur word. Indien 'n opsie van 'n kleiner trokkie gevolg word en hy breek gaan hy staan en ons kan sodoende 'n vlug mis.

Voorstel dat 'n sleepwaentjie gebou word om Heilbron te akkomodeer klubs kan beurte maak om die die duiwe daar op te laai.

Riaan van Niekerk stel voor daar moet van 'n bakkie gebruik gemaak om geld bespaar.

Jan van Jaarsveld deel die vergadering mee dat die sleepwa te lank is en sal moet verander word.

Attie du Plessis vra die vergadering of daar enige persoon is wat teen die koop van 'n nuwe trok is niemand steek hulle hande op nie.

8. FONDSINSAMELING EN VPU JONGDUIF VEILING

Attie du Plessis verduidelik die vergadering dat die grootste bron van inkomste die oefen mandjies is. Die jongduif veiling is ook 'n bron van inkomste.

Riaan van Niekerk stel voor dat die veiling by Vanderbijlpark gehou word om kostes te bespaar.

Mense se belangstelling moet ook gekry word om duiwe te bring na die veiling.

Andre Myburg noem dat die reels nie aan almal duidelik is nie en moet weereens versprei word. Bring 'n duif en jy kan aan die R10 000 kompetisie deelneem!

Daar word besluit om die veiling op 7 November 2020 hou.

9. AFSLUITING

Attie du Plessis bedank elke lid vir hulle teenwoordigheid.

Hy bedank ook elkeen vir die positiewe gees wat geheers het tydens die vergadering.